NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

12 September 2024

VAN: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

AAN: Dienaars van die Woord
Rade en komitees
Kerkraadsvergaderings
Ringsvergaderings

**OMSENDSKRYWE NR 34/2024**

Geagte broers en susters

## WYSIGING VAN ORDEREËLS 4.5 EN 9.2

Ordereël 10.1 (i) verwys:

> *'n Skriftelike en gemotiveerde voorstel van 'n ringsvergadering, wat sy oorsprong by lidmate, ampsdraers, kerkraadsvergaderings kan hê, óf die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, word minstens een jaar (12 maande) voor die Algemene Kerkvergadering by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ingedien. Die Kommissie lê dit vir kommentaar aan al die betrokke rade, kerkraads- en ringsvergaderings voor. Kommentaar moet voor die sluitingsdatum van die agenda vir die Algemene Kerkvergadering terug ontvang word.*

Die Kommissie het geen voorstelle vir wysiging van Ordereëls vanuit die Kerk ontvang nie.

Kluster 3 ('n werkgroep van die Kommissie) het die volgende voorstel na oorleg met die Algemene Diakensvergadering en Raad vir Kerkregtelike Advies ingedien ten opsigte van Ordereëls 4.5 en 9.2:

**WYSIGING 1**

**Vergaderings van die ampte**

Ordereël 4.5

Bykomende vergaderings wat deur afgevaardigdes van die ampte gevorm word, is die

(i) ringsvergadering
(ii) Algemene Kerkvergadering
(iii) Algemene Diakensvergadering

Punt iii kan geskrap word.

**WYSIGING 2**

**Kerklike goedere**

Ordereël 9.2

Toesig berus by die

(i) gemeentevergadering
(ii) kerkraadsvergadering

(iii) ringsvergadering
(iv) Algemene Kerkvergadering
(v) Algemene Diakensvergadering
(vi) Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

Punt v kan geskrap word.

Beskrywingspunt 33 van die 73ste Algemene Kerkvergadering dien as motivering:

**BESKRYWINGSPUNT 33: KOMMISSIE VAN DIE ADV**

**KOMITEE VIR DIAKONALE AANGELEENTHEDE**

**Volgens Ordinansie 4.6.2 (xxii) is dit 'n werkopdrag van die Kommissie van die AKV om 'n komitee vir diakonale aangeleenthede te stig.**

**Die 9de ADV rig 'n beskrywingspunt aan die 73ste AKV dat opdrag gegee word aan die nuutverkose Kommissie van die AKV om tydens hulle eerste vergadering volgens gemelde ordinansie genoemde komitee aan te wys.**

**Hierdie diakonale komitee word saamgestel uit:**

* **twee predikante;**
* **twee ouderlinge;**
* **twee diakens; en**
* **kundiges op uitnodiging**

**met dien verstande dat AKV- of ADV-Kommissielede nie benoem word nie.**

**Hierdie komitee se opdrag sal handel oor die eenwording van die AKV en ADV.**

***Motivering:***

Vorige AKV's het ook aan dieselfde uitdaging aandag gegee. Daar was geringe kerkordelike wysigings wat aanvaar was, maar eenwording het nie plaasgevind nie.

Sedert die 72ste AKV het die kerklike landskap drasties verander. Die COVID-pandemie het veroorsaak dat daar anders oor kerkwees gedink word. Hierdie veranderinge noodsaak dat die NHKA al hierdie veranderinge moet oorweeg om binne hierdie nuwe denke en konteks Kerk te wees. Die Kerk het heelwat lidmate verloor sedert die 72ste AKV. Die ekonomiese impak van die pandemie en gepaardgaande vermindering van lidmate, dwing die NHKA as Kerk om aanpassings in die barmhartigheidswerk en gevolglik die strukture waarbinne die werksaamhede geskied, te ondersoek om meer effektief diens te lewer.

**Die volgende amendement gestel deur ds WJJ Kok en gesekondeer deur ds GPJ Stoltz, word aanvaar:**

1. **Die AKV neem 'n beginselbesluit dat die samestelling van die AKV gewysig word om diakens in te sluit. Die nodige kerkordelike wysigings word aangebring om die integrasie van diakens moontlik te maak. Die nuutverkose Kommissie van die AKV implementeer die besluit met die oog op die 74ste AKV.**

**2.** **Die Kommissie van die AKV het deurlopend uitvoering gegee aan Ordinansie 4.6.2 (xxii) deur 'n kernkomitee vir diakonaat saam te stel. Die nuutverkose Kommissie van die AKV kry opdrag om 'n sinodale komitee vir diakonale aangeleenthede te skep met die opdrag om die struktuur van barmhartigheidsdiens op sinodale vlak te ondersoek. Hierdie komitee word saamgestel uit:**

- **een predikantslid van die Kommissie van die AKV.**
- **twee ouderlingslede van die Kommissie van die AKV.**
- **een predikantslid van die Kommissie van die ADV.**
- **twee diakenslede van die Kommissie van die ADV.**
- **die sekretaris van die ADV.**
- **kundiges op uitnodiging.**

**3.** **Die resultate van vorige ondersoeke na herstrukturering en integrasie en die resultate van die in diepteondersoek na die funksionering van die NWO's betrokke by die NHKA word in die ondersoek verreken.**

**4.** **Die sinodale komitee vir diakonale aangeleenthede doen aanbevelings aan die Kommissie van die AKV met die oog op implementering en finale bekragtiging tydens die 74ste AKV.**

Daar sal ooreenstemmende wysigings aan die ordinansies van die Kerkorde aan die 74ste AKV voorgelê word.

Kommentaar moet asseblief teen ***16 Mei 2025*** aan die kantoor van die Kommissie gestuur word aangesien die AKV-agenda tydens die Junievergadering gefinaliseer word.

Beste wense,

**Dr WC van Wyk**
***Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***
***Namens Skriba: Ds JF van der Merwe***

082 339 2332
wouter@nhk.co.za